# WENKE BY DIE OPSTEL VAN VRAESTEL 1: HUISTAAL: LEESBEGRIP

## 1. BELANGRIKE BELEIDSDOKUMENTE

- NKV
- VAR
- NPRR
- Eksamen Riglyndokument

## 2. DIE KEUSE VAN TEKSTE

- Verskeidenheid tekste – moet visuele en of grafiese materiaal insluit
- Getal tekste: moenie meer as 3 tekste gebruik nie
- Lengte: 700 – 800 woorde oor 3 tekste
- Moenie met tekste aanstoot gee nie
- Sorg dat tekste altyd aktueel is
- Tekste moet sover moontlik die beginsels van die NKV aanspreek
- Karakters, letters en die grafiese in visuele tekste moet duidelik uitkenbaar wees.

## 3. SOORT VRAE

- Die verskillende leerstyle van leerders moet in ag geneem word by die opstel van vrae
- Meet die vrae aan die taksonomieë (Bloom en Barret):

  | | |
  |---|---|
  | 40% | vlak 1 en 2 |
  | 40% | vlak 3 |
  | 20% | vlak 4 en 5 |

- Verdere aspekte: vrae moet die volgorde van die teks volg
- Waar moontlik: Lae orde vrae eerste, Hoër orde later
- Gebruik vaardigheidswoorde en metataal soos in die assesseringstandaarde aangedui.

## 4. TEGNIESE VERSORGING

- Gebruik 'n leesbare font en fontgrootte.
- Hou die numering so eenvoudig as moontlik.
- Sorg dat die numering korrek is.
- Tekste, visuele en grafieka moet duidelik leesbaar wees.


## 5. ONDERRIGWENKE VIR ONDERWYSERS B.M.T. LEESBEGRIP

- Gee vir die leerders kort tekste en laat hulle hul eie vrae opstel. Gee duidelike riglyne uit die NKV, ook begripsvrae. Bv. Onderskei tussen feite en menings; geïmpliseerde betekenis; stereotipering; teikenleser, ens. Die doel hiervan is om begrip by leerders te bevorder.
- Gee 'n leesstuk met vrae en antwoorde en laat die leerders dit nasien.
- Lees en bespreek van tekste (om kontekste te verbreed)
- Omgaan met die vraag – fokus op wat die vraag vra en hoe om die antwoord te gaan soek
- ONDERRIG VAN SPOTPRENTE: Leer die leerders om gefokus na spotprente te kyk:
- Leer leerders om vrae soos die volgende te vra:
  - ✓ Watter voorwerpe/ mense /diere/ kom in die spotprent voor?
  - ✓ Waar is die voorwerpe / mense / diere geplaas?
  - ✓ Wat kan jy uit die gesigsuitdrukkings / kleredrag en liggaamshouding aflei?
  - ✓ Wat is die funksie van die voorwerpe /mense/diere in die spotprent?
  - ✓ Watter woorde kom in edie spotprent voor?
  - ✓ Wat beteken hierdie woorde normaalweg en wat beteken dit in die spotprent?
  - ✓ Konteks van spotprent (sosiaal, polities)?
  - ✓ Waarmee word daar spot gedryf?
  - ✓ Wat is die spotprenttekenaar se houding teenoor die saak?

- ONDERRIG VAN ADVERTENSIES:
  - ✓ Wat sien jy in die advertensie?
  - ✓ Wat is die uitleg van die advertensie (hoe is die basiese komponente gerangskik?)
  - ✓ Watter tekens en simbole kom voor en hoe beinvloed dit die impak van die advertensie?
  - ✓ Indien karakters voorkom: Hoe lyk hulle?
  - ✓ Wat kan jy uit die agtergrond aflei?
  - ✓ Verskaf die taalgebruik / beelde bloot inligting, of help dit om emosionele respons te ontlok?
  - ✓ Watter handeling vind in die advertensie plaas en waarom is dit belangrik?
  - ✓ Watter produk / diens word geadverteer?
  - ✓ Wie is die teikengroep?
  - ✓ Watter sosiologiese, politiese, ekonomiese of kulturele houding word deur die advertensie gereflekteer?

**Voorbeelde van begripstoetse:**

**TEKS**
**ADVERTENSIE**



# Migraine- en Hoofpyn-verligting sonder pille

- Verminder die intensiteit van hoofpyn en migraine binne 15 minute met **Migrastick**
- Wend **Migrastick** aan slape, voorkop en die agterkant van die nek
- Deelnemers aan 'n kliniese toets het gevind dat **Migrastick** tot "90% effektief was" in die verligting van hoofpyn en migraine.

**Arkopharma**
PHARMACEUTICAL LABORATORIES, FRANCE
0861 112 758 • www.naturelife.co.za

Beskikbaar by vooraanstaande gesondheidswinkels en apteke insluitend Dis-Chem en Medi-Rite

[Uit: Beeld, 28 April 2009]

1.1 Watter produk word in hierdie advertensie geadverteer? (1)

1.2 Watter tegniek gebruik die kopieskrywer om die leser se aandag op die kop van die advertensie te vestig? (1)

1.3 Haal twee woorde aan as bewyse dat Migrastick nie ’n mens se hoofpyn heeltemal laat verdwyn nie. Skryf die woorde onder mekaar neer. (2)

1.4 Skryf ‘n bewys neer dat die leser in die laaste sin (by die derde aandagkolletjie) gemanipuleer word om te glo dat Migrastick werklik 90% effektief is. (1)

1.5 In watter land word die adverteerder se produk vervaardig? (1)

1.6 Noem twee maniere waarop die vervaardigers gekontak kan word. (2)

1.7 Waarom dink jy word ’n adjektief soos “vooraanstaande” gebruik om gesondheidswinkels, waar Migrastick gekoop kan word, te beskryf. Skryf jou antwoord in ’n volsin. (1)

1.8 Kies die antwoord wat NIE pas nie:

Die redes waarom die foto in die advertensie gepas is, is:

A Die gebruik van ‘n jong vrou probeer bewys dat nie net bejaardes hoofpyn kry nie.
B Die vrou se ernstige gesig suggereer pyn om die leser se simpatie uit te lok.
C Die plasing van die vrou se hand dui die plek aan waar sy pyn ervaar.
D Haar oë is toe as bewys van haar intense pyn.
E Dit bewys dat selfs mooi blondines ook soms hoofpyn kry. (1)

**[10]**

## (MEMORANDUM)

1.1 ’n smeermiddel (wat hoofpyn verlig) / (1)

1.2 Die letters is opvallend groter as die res van die teks OF Die alleenplasing van die woorde (die tipografie) / (1)

1.3 “verligting” /
“verminder” / (2)

1.4 Die besonderhede oor watter kliniese toets dit was, asook hoeveel deelnemers getoets is, word verswyg of weggelaat. OF

Die kopieskrywer is doelbewus vaag oor die “kliniese toets”. / (1)

1.5 Frankryk (moet in Afrikaans wees) / (1)

1.6 Jy kan vir hulle ‘n brief skryf OF Die posadres
Jy kan hulle bel OF Die telefoonnommer of selnommer
Jy kan ’n e-pos stuur Of Hul webadres (Enige TWEE) (2)

1.7 Dis ’n manier waarop gesondheidswinkels gemanipuleer of oorreed word om die produk aan te hou. OF
Dit skep die indruk dat net belangrike of goeie gesondheidswinkels hierdie (wonderlike) produk aanhou. (1)

1.8 E Dit bewys dat selfs mooi blondines ook soms hoofpyn kry. (1)

**[10]**

**Uiteensetting van die denkvlakke volgens Barrett se taksonomie**

| **Vraagno.** | **Beskrywing** | **Vlak** |
|---|---|---|
| **1.1** | ***Letterlik***: Inligting is in die teks, hoewel die woord “smeermiddel” nie gebruik word nie,. | **1** |
| **1.2** | ***Afleiding***: Lei af dat die lettergrootte die leser se aandag trek. | **3** |
| **1.3** | ***Letterlik***: Haal twee woorde uit die teks aan | **1** |
| **1.4** | ***Lees en bespreek krities*** die waarheid van die aanspraak | **4** |
| **1.5** | ***Letterlik***: Die inligting (naam van die land) is in die teks | **1** |
| **1.6** | ***Herorganiseer*** die inligting wat in die teks is | **2** |
| **1.7** | ***Waardering***: Lewer kommentaar op die skrywer se taalgebruik. | **5** |
| **1.8** | ***Lewer kommentaar*** op die visuele teks | **5** |

**AFRIKAANS HUISTAAL (VRAESTEL 1)**

**AFDELING A: LEES EN KYK**

**VRAAG 1: RESENSIE EN ADVERTENSIE**

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**RESENSIE**

*Middelmatige vermaak vir die feesseisoen*

JACQUES LIEBENBERG
ROLPRENT: *Open Season* (* * ). Met die stemme van: Martin Lawrence, Ashton Kutcher, Debra Messing, Jon Favreau en Billy Connolly. Regisseur: Roger Allers en Jill Culton. Ouderdomsperk: Geen. Tydsduur: 85 minute.

Ek begin nou al moeg raak vir die gemiddelde animasieprent.

'n Mens kan dieselfde tema in enigiets van *Cars* tot *Over the Hedge* vind. Daar is die buitestander; die randkarakter wat die hoofbron van kwinkslae en grappe is; nog een is die konserwatiewe owerste wat orde handhaaf. En natuurlik ook die stereotipiese skurk(e).

Die animasieprente wat uittroon, is dié wat met andersoortige karakters en 'n slim draaiboek nuwe lewe in die gewone ou tema blaas. 'n Mens dink aan prente soos *Monsters Inc.* en *The Incredibles.*

*Open Season* is helaas nie in dieselfde klas nie. Die storie is maar oes en die karakters vervelig en nie snaaks nie. Derhalwe meer gemik op die kinders as op die kinders se toesighouers.

Die titel verwys na die jagseisoen. Daar kom 'n breuk tussen die veldwagter Beth (Debra Messing) en haar troetelbeer Boog (Martin Lawrence). Boog, die held, leef in weelde in haar motorhuis, maar van die lewe in die natuur weet hy niks.

Dinge ruk handuit wanneer hy 'n bok, Elliot (Ashton Kutcher), red en dié hom daar tuismaak. Hulle maak amok in die dorp.  Beth móét Boog in die woud gaan los. Boog wil natuurlik so gou moontlik by die huis kom, maar weet nie in watter rigting die dorp lê nie.

Om sake te vererger, is die geharde jagter Shaw (Gary Sinise) op hul spoor en teen die tyd dat hulle naby die dorp is, wemel die bos van die jagters.

'n Mens kan heel krities oor *Open Season* raak. Die karakters is so eendimensioneel dat hulle dag na dag dieselfde klere aanhet; Shaw word as 'n amperse grotbewoner uitgebeeld; en Lawrence oortuig geensins as Boog nie.

Al wat 'n mate van trefkrag het, is die uitbeelding van die ander jagters – dronk en luidrugtige mans agter op bakkies.

Daar is darem een of twee regtig snaakse oomblikke.
Die beste deel is die manier waarop hase in die fliek mishandel word. Hulle dien as enigiets van klippe tot kanonvoer en dis so onverwags politiek inkorrek 'n mens kan nie anders as om te lag nie.

Andersins is *Open Season* middelmatige vermaak.

1.1 Wie is die teikengroep op wie die advertensie gerig is? (1)

1.2 Wat word in paragraaf 4 bedoel met "*Die storie is m*aar oes"? (1)

1.3 Waarna verwys die titel van die rolprent? (1)

1.4 Verduidelik in jou eie woorde wat die uitdrukking *"maak amok"* in paragraaf 6 beteken. (1)

1.5 Verduidelik in EEN volsin wat die woord 'kwinkslae' (paragraaf 2) beteken. (1)

1.6 Noem een karaktertrek van Boog wat dit vir hom moeilik maak om terug te kom in die dorp. (1)

1.7 *Open Season* is 'n animasieprent. Hoe verskil 'n animasieprent van ander rolprente? (Antwoord in 'n volsin) (1)

1.8 Gee twee redes waarom ander animasieprente soos *Monster Inc* en *The incredibles* , volgens die resesent, uittroon bo *Open Season.* (2)

1.9 Haal 'n frase van 5 woorde aan wat impliseer dat die karakters in die rolprent nie veel ontwikkel nie. (1)

1.10 *'Die storie is maar oes en die karakters vervelig en nie baie snaaks nie'* (paragraaf 4).

Dui aan of hierdie stelling 'n feit of 'n mening is en gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

1.11 Verduidelik waarom die gebruik van die hase in die rolprent as 'polities inkorrek' beskou kan word. (Antwoord in 'n volsin) (2)

1.12 Hoe word daar, volgens die resensent, gestereotipeer ten opsigte van die jagter, Shaw? (Antwoord in 'n volsin) (1)

1.13 Waarom kan die eerste sin in paragraaf 11 as 'n paradoks beskou word? (1)

1.14 Verduidelik hoe die resensent se openingsreël verskil van die slotreël.

Antwoord in ’n volsin. (2)

1.15 Is hierdie rolprent, volgens die resensent, die soort rolprent waarvan volwassenes sal hou? Motiveer jou antwoord in ’n volsin. (2)

**<u>20/</u>**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**MEMORANDUM VAN PUNTETOEKENNING**

| Vr | Antwoord | Punt | Lu | AS | Denkvlak |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| **1.1** | Mense wat moet besluit na watter fliek hulle wil gaan kyk. | **1** | **2** | **4.1** | **Barrett 2** |
| **1.2** | Die storie is vaal / oninteressant / vervelend | **1** | **2** | **1.6** | **Barrett 2** |
| **1.3** | Die jag is oop / Jagseisoen het begin. | **1** | **2** | **2.1** | **Barrett 1** |
| **1.4** | Hulle doen onverantwoordelike dinge / maak moeilikheid/ saai onrus in die dorp. | **1** | **2** | **1.6** | **Barrett 2** |
| **1.5** | Dit verwys na grappe / humor / snaaksighede waarmee iemand vorendag kom. | **1** | **2** | **1.6** | **Barrett 2** |
| **1.6** | Hy weet niks van die natuur nie (want hy leef in weelde in ’n motorhuis). | **1** | **2** | **2.1** | **Barrett 3** |
| **1.7** | Animasieprente gebruik karakters wat geteken word of deur ’n rekenaar gegenereer word. | **1** | **2** | **1.6** | **Barrett 2** |
| **1.8** | • andersoortige karakters<br>• slim draaiboek | **2** | **2** | **2.1** | **Barrett 1** |
| **1.9** | “Die karakters is so eendimensioneel ...” | **1** | **2** | | **Barrett 3** |
| **1.10** | Mening. Dit is ’n persoonlike opinie / ander resensente kan moontlik van hom verskil. | **2** | **2** | **2.3** | **Barrett 2** |
| **1.11** | Hase is geliefde diere wat nie gewoonlik mishandel word nie. | **2** | **2** | **3.1** | **Barrett 4** |
| **1.12** | Hy word as ’n onbeskaafde mens/ oermens (amperse grotbewoner) uitgebeeld. | **1** | **2** | **3.3** | **Barrett 4** |
| **1.13** | Die resesent beskou die manier waarop hase **mishandel** word as die **beste deel** van die fliek. | **1** | **2** | **2.7** | **Barrett 4** |
| **1.14** | Aan die begin **impliseer** die resensent dat die rolprent gemiddeld is en aan die einde **verklaar**/bevestig hy dat dit gemiddelde is. | **2** | **2** | **2.4** | **Barrett 3** |
| **1.15** | Nee, dis meer geskik vir kinders as kinderoppassers/ volwassenes | **2** | **2** | **2.10** | **Barrett 3** |

**TOTAAL: 20**